



KOMPAS

FUNKSIONARISSE

PREDIKANT

Ds. Hennie Schutte (011 693 5495); hschutte@telkomsa.net

SKRIBA

Oudl. Fanie J.v. Vuuren, 692-2312; sphms@absamail.co.za

KOMPAS

Oudl. Sarel Steyn, 082 825 4485; sarel.steyn@gkwesrand.org.za

DIAKONIE

Diak. Barry Pieterse, 082 467 7814, barrypieterse@dewfresh.co.za

www.gkwesrand.org.za

POSADRES:

Posbus 6058; Greenhills; 1767

Gereformeerde Kerk Wesrand
ABSA Bank
Randfontein tak (334341)
Tjekrekeningnommer 320340128

Kompas 259

Nr. 37/12

09 SEPTEMBER 2012

Psalm 27:8-9:

Ek onthou wat U gesê het: Julle moet My kom dien!. Ek is hier om U te dien, Here. Moet U tog nie vir my verberg nie

DIENSBEURTE & KOLLEKTES

	9 September 2012	16 September 2012
Ouderling	Lukas JV Vuuren (Wyk M)	Danie de Beer (Wyk O)
Diaken	Nicky Oosthuizen	Wyk is vakant
Kollekte tydens diens	Diens van Barmhartigheid	Diens van Barmhartigheid
Deurkollekte 1ste diens	Studentekas	Sustentasië
Deurkollekte 2de diens	Tehuse	Vervoer

'N REEKS PREKE OOR DIE LEWE VAN ELIA

Sewe predikante in die klassis het begin met 'n reeks preke oor die lewe van Elia. Die beplande program is as volg:

✓ Preek 1 – 1 Kon. 17:1-16	-	Ds. Arnold Mulder -	29 Julie
✓ Preek 2 – 1 Kon. 17:17-24	-	Ds. Bertie Ligthelm-	5 Augustus
✓ Preek 3 – 1 Kon. 18:1-46	-	Dr. André Grové -	12 Augustus
✓ Preek 4 – 1 Kon. 19:1-21	-	Dr. De Wet Saaiman-	19 Augustus
✓ Preek 5 – 1 Kon. 21:1-29	-	Ds. Dirk van't Zand-	26 Augustus
✓ Preek 6 – 2 Kon. 1:1-18	-	Ds. Hennie Schutte-	2 September
Preek 7 – 2 Kon. 2:1-18	-	Dr. Wim Vergeer -	9 September

LIEF EN LEED

Die volgende lidmate het u voorbidding en besoek dringend nodig aangesien dit nie goed gaan met hulle gesondheid nie:

- Sr. Gorerdina Coetzee sukkel baie met haar gesondheid
- Br. Pieter Venter sukkel baie met sy gesondheid.
- Sr. Magriet Kruger is baie siek.
- Sr. Ans Potgieter is baie siek.
- Jbr. Hennie Schutte wat 'n mangeloperasie ondergaan het.

VERJAARSDAE DIE WEEK

9 Sep – Sr. Heiltje DE BEER (Belydend) Tel huis: 011 693 4480

*9 Sep – Sr. Annatjie HORN (Belydend) Tel huis: 011 692 1231

10 Sep – Br. Johan REINECKE (Belydend) Tel huis: 0114166197

12 Sep – Br. Jurie CORDIER (Belydend) Tel huis: 011 278 9904

*=70 en ouer / ** = 80 en ouer / *** = 90 en ouer

KOMBI

Lidmate wat vervoerprobleme het en gebruik wil maak van die kombi, moet br. Lukas nie later as Vrydae skakel nie, aangesien daar beperkte plek beskikbaar is.

U kan hom kontak by 011 693 4433 of 083 698 2751.

KATKISASIE

9 September 2012 - Les 22 16 September 2012 – Les 23

Belydenisklas: Elke Woensdag om 17:00 by die pastorie.

SOPPAKKIE PROJEK

Daar is lidmate in ons gemeente wat op 'n daaglikse basis vir arm kinders kos gee. Om hulle by te staan en te help, versoek ons die gemeente om pakkies sop te skenk. By die twee portale van die kerk is houers neergesit waarin u die pakkies kan neersit. Die diakonie sal dit dan aan die suster besorg.

BLIKKIEPROJEK




Ons versoek die hele gemeente om ons weer, soos verlede jaar, te help en die sente te laat inrol. Suster Marthsie Jansen van Vuuren en br. Lukas word hartlik bedank vir julle tyd en opoffering om hierdie projek vir ons te dryf en die geld te tel en te bank.

KERKLIKE BYDRAES

'n Kerk se finansiële voortbestaan is afhanklik van die vrywillige bydraes (dankbaarheidsoffers) van elke lidmaat. Die Kerkraad doen 'n beroep op elke lidmaat om, met die nodige erns en in gebed voor God, hierdie offers gereeld by te dra.

Elke lidmaat het die verantwoordelikheid om sy dankbaarheid te toon deur 'n tasbare bydrae te maak. Dit is 'n gebedsaak en elkeen moet gee volgens vermoë. Hierdie geld word gebruik om die kerk en erediens in stand te hou.

Daar is 3 maniere om u kerklike bydraes te maak:

-  Direkte bydraes - elektronies of internetbetalings.
-  Aftrekorders – deur u by u bank gereël.
-  Koevertjies – tjek of kontant by bussies by kerk ingegooi.

By alle metodes moet u asseblief die verwysing meld sodat ons die betaling aan u NAAM EN WYK kan koppel.

VERGADERINGS VAN DIE WEEK

KUIERGROEP

Ons kom op Woensdag, 12 September 2012, om 09:30 by die Jakarandstraat geboue byeen vir 'n bring-en-braai. Almal is welkom om saam te kom kuier.

FINANSIËLE KOMMISSIE

Die finansiële kommissie vergader op Dinsdag, 11 September 2012, om 19:00 aan huis van br. Sarel Steyn. Hierdie kennisgewing dien dan ook as herinnering aan elke lidmaat om nog die bydraes op datum te bring.

BYBELSTUDIE


Ons gaan voort met ons groep-Bybelstudie op Donderdae. Ds. Bertie se Bybelstudiegroep vergader weer op Donderdag, 13 Augustus 2012, om 09:30 in die konsistorie van die Jakaranda kerkgebou.

JEUGBYEENKOMS

Baie dankie aan al die kinders wat die aand saam met ons kom geniet het. Ons wil poog om met die volgende byeenkoms dubbeld die getalle te wees.

SEPTEMBER IS GEHOORBEWUSTHEIDSMAND!!! SUKKEL U OM TE HOOR?

Skakel gerus vir ROBINSON GEHOORSENTRUM om 'n afspraak te maak vir 'n GRATIS gehoorsiftings-toets gedurende September 2012.
011 412 2412



Randall Wicomb Sing Griekwapsalms

**14 Oktober 2012
11:00**

**Gereformeerde Kerk
Krugersdorp**
h/v Premier & Beginstraat

Kaartjies: R50 pp
Verkrygbaar by die Kerkkantoor
(011 660 7089)

SKOU 2013

Ons het weer met voorbereidings vir die 2013 skou begin.

28 Augustus 2012	-	Wortels
04 September	-	Wortels
11 September	-	Wortels
18 September	-	Uie
25 September	-	Uie
02 Oktober	-	Uie

Ons begin Dinsdae oggende by die saal om 08:00

LITURGIE

SONDAG 9 September 2012

EERSTE DIENS

Ds. Hennie Schutte

Lees: Jeremia 1:1-10

Teks: Jeremia 1:5

Sing:

Ps.33:1,2;

SB 12-2:1;

Ps.119: 19;20;

Ps.134:4;

Ps.33:6,11.

Tema: Die Here roep en maak bekwaam vir dienswerk.

TWEEDE DIENS

Dr. Wim Vergeer

Psalm 89-1:1,17 (p. 444)

Psalm 23-3:2,3 (p. 109)

Psalm 116-1:1,5 (p. 569)

Skriflesing: 2 Konings 2:1-18

Teksvers: 2 Konings 2:1a

Tema: Die hemelvaart van Elia

Hoofpunte:

- 1) Die tyd wanneer Elia opvaar na die hemel
- 2) Die rede waarom Elia opvaar na die hemel
- 3) Die manier waarop Elia opvaar na die hemel